

15. Jefta, Simson en Rut

Rigters 11 - 16 en Rut 1 - 4

God verlos sy volk

Die Here gee aan die volk persone wat die volk van hul vyande verlos en hulle teruglei na Hom toe. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God straf sy volk se ongehoorsaamheid.
- As die volk hulle bekeer en volgens God se wil lewe, verlos Hy hulle van hul vyande.
- God beskik dit so dat daar ook mense van heidense afkoms in Christus se geslagsregister opgeneem word

Die Israeliete vra Jefta om hul leier te word

Toe die Israeliete weer doen wat verkeerd is in die oë van die Here, stuur Hy die Ammoniete om Kanaan vanuit die ooste binne te val. Terselfdertyd val die Filistyne die land vanuit die weste binne. Agtien jaar lank verkeer die Israeliete in baie moeilike omstandighede. Toe verwyder hulle al die afgode wat hulle gedien het, uit hul midde en dien God weer in alle erns.

Die Ammoniete slaan hul laer op by Gilead. Toe die Israeliete dit sien, trek hulle by Mispa byeen om teen die Ammoniete te veg. Die Israeliete het egter geen aanvoerder gehad nie. In Sirië woon Jefta, 'n baie dapper Israeliet wat die leier van 'n bende is. Die oudstes van die volk vra hom om hul leier te wees. Hy weier eers want sy broers het hom vroeër uit die land weggejaag.

Later willig Jefta wel in om hul aanvoerder te wees op voorwaarde dat hy steeds hul leier moet bly ook nadat die stryd met die Ammoniete afgehandel is. Jefta probeer eers met die Ammoniete onderhandel, maar toe hulle nie tot 'n vergelyk kan kom nie, onttrek die Ammoniete hulle aan die samesprekings en begin voorbereidings tref om Israel aan te val.

Jefta verslaan die Ammoniete

Jefta het niks om te vrees nie aangesien die Gees van die Here op hom gekom het. Tog twyfel hy en daarom vra hy God om Israel te help. Hy lê ook 'n gelofte af dat hy die eerste wat hom ná sy oorwinning oor die Ammoniete uit sy huis tegemoet kom, uit dankbaarheid aan God sal afstaan.

Die Here gebruik Jefta as 'n instrument in sy hand om Israel te verlos.¹¹² Die Israeliete verslaan die Ammoniete heeltemal en verdryf hulle uit Kanaan. Hulle is baie bly oor die oorwinning en Jefta se dogter, sy enigste kind, is die eerste om hom vrolik te ontvang. Jefta het nou berou oor die gelofte wat hy afgelê het, maar nadat hy sy dogter oor sy gelofte inlig, is sy gewillig om die belofte wat haar pa afgelê het, uit te voer. Sy vra Jefta om haar toe te laat om twee maande lank saam met haar vriendinne deur te bring, waarna sy haar hele lewe in diens van die Here stel.

Die Efraimiete kom nou teen Jefta in opstand. Hulle beskuldig hom daarvan dat hy hulle nooit gevra het om saam met hom teen die Ammoniete te veg nie. Jefta wys hulle daarop dat hy hulle wel opgeroep het, maar dat daar geen reaksie van hul kant af was nie. Die gevoelens tussen Jefta en die Efraimiete loop so hoog dat Jefta die mans van Gilead byeenroep om teen Efraim te veg. In die geveg wat volg, word 42 000 Efraimiete verslaan.

Van die volgende drie rigters lees ons nie veel nie. Ná Jefta se dood het Ebsan die volk sewe jaar lank gerig. Hy is opgevolg deur Elon en tien jaar later deur Abdon, wat Israel agt jaar lank gerig het. Hy is in Efraim begrawe.

Die geboorte van Simson

Simson is in baie opsigte 'n merkwaardige persoon. Sy vader was Manoag en van sy ma word gesê dat sy onvrugbaar was. Die Engel van die Here verskyn aan haar en vertel haar dat sy 'n seun sal hê. Ook Jesus Christus se geboorte word op 'n soortgelyke wyse aangekondig.¹¹³ Die Engel sê verder dat die seun 'n nasireër van God sal wees, dit beteken dat hy sy hele lewe in God se diens sal staan.

112 Heb. 11: 32 En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal,

113 Luk. 1: 30 en 31 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

Die Engel dra ook sy boodskap aan Manoag oor. Uit dankbaarheid bring Manoag 'n offer aan die Here. Hy en sy vrou het die seuntjie Simson genoem. Dit beteken die “Sterke” of “Geweldige”. Hy mag nooit enige sterk drank drink of sy hare afsny nie.

God seën Simson se kinderjare en hy word vinnig groot. Ongelukkig raak hy as jongman verlief op 'n Filistynse vrou wat naby hulle woon. Sy ouers maak aanvanklik beswaar teen Simson se verhouding met 'n heidense vrou, maar later gaan hulle tog saam met hom na Timna waar sy woon. Hulle gaan onderhandel met haar ouers oor sekere voorwaardes met die oog op 'n huwelik. Sy ouers weet nie dat die Gees van die Here Simson dryf om na die Filistyne te gaan nie, want hy moet Israel van die Filistyne verlos.

Terwyl Simson alleen stap, bestorm 'n jong leeu hom. Hy gryp die leeu en maak hom met gemak dood. Daarna gooi hy die leeu se karkas langs die pad neer.

Huwelik van Simson

'n Ruk later volg Simson dieselfde roete toe hy op pad is na sy troue. Toe hy by die plek kom waar hy die leeu verskeur het, sien hy dat daar 'n byenes in die karkas is. Simson haal van die heuning uit en eet daarvan.

Op die troue, wat sewe dae lank duur, gee Simson 'n raaisel op aan die gaste. Volgens die gebruik van daardie tyd kon die bruidegom so 'n raaisel aan sy gaste stel. As hulle daarin slaag om die raaisel korrek uit te lê, ontvang hulle 'n beloning; maar as hulle nie daarin slaag nie, moet hulle vir Simson 'n geskenk gee. Toe die gaste nie daarin slaag om die raaisel te ontrafel nie, dreig hulle Simson se vrou en haar familie met die dood indien sy nie die antwoord aan hulle verskaf nie.

Simson se vrou soebat hom om aan haar die antwoord van die raaisel te gee. Die raaisel handel oor die leeu wat Simson doodgemaak het en die bye se nes in die karkas. Toe Simson die antwoord vir haar gee, gaan sy dadelik na die gaste en gee vir hulle die antwoord. Simson moet nou aan 30 mans elkeen 'n stel klere gee. Hy kry die klere in die hande deur 30 Filistyne dood te slaan en hul uitrustings te vat. Simson is so kwaad dat hy sy vrou agterlaat en na sy ouers teruggaan. Daarna gee sy skoonpa sy vrou aan een van die strooijonkers.

'n Ruk later keer Simson egter terug om sy vrou te gaan haal. Toe hy uitvind dat sy vir iemand anders gegee is, is hy so kwaad vir die Filistyne dat hy 300

jakkalse vang en hulle twee-twee met fakkels tussen hul sterte aan mekaar vasbind. Daarna laat hy hulle in die Filistyne se koringlande los. Die Filistyne is baie kwaad en verbrand haar en haar pa se huis.

Die slag by Legi

Uit reaksie op die Filistyne se optrede berokken Simson hulle weer groot skade. Om hom op sy plek te sit, bring die Filistyne 'n leër op die been wat optrek om teen hom te veg. Toe die Israeliete die leër sien, is hulle so bang, dat hulle Simson met toue vasbind om hom aan die Filistyne uit te lewer. Simson laat toe dat hulle hom vasbind en aan die Filistyne oorhandig.

Die Filistyne juig toe die Israeliete Simson bring om hom aan hulle uit te lewer. Die Gees van die Here kom egter oor Simson en die toue en bande wat sy arms vasbind beteken niks nie. Die Here gee hom die krag om dit sonder enige moeite te breek. Simson tel toe 'n eselskakebeen op en slaan daarmee 1 000 Filistyne dood. Dit wat Josua aan die volk beloof het, word bewaarheid.¹¹⁴ Hy noem die plek Legi wat "Kakebeenshoogte" beteken.

Delila verraai Simson

Daarna raak Simson verlief op Delila. Sy is 'n slim en uitgeslape vrou wat die Filistyne wil help om Simson te verslaan. By drie geleenthede probeer sy om Simson se geheim uit te vind, maar sonder sukses. Elke keer het Simson die Filistyne maklik verslaan. Sy speel so goed op sy gevoel dat hy sy geheim aan haar verklap. Simson vertel haar dat hy 'n nasireër van God is. As al sy hare afgesny word, sal sy krag verdwyn en sal hy swak word en soos al die mense wees.

Delila maak hom op haar skoot aan die slaap en laat kom 'n man om sy sewe haarvlegsels op sy kop af te sny. Daarna sê sy weer vir Simson dat die Filistyne op hom is. Simson staan soos die vorige kere op om hulle te verslaan, maar toe besef hy dat sy hare afgesny is. Die Here is nie meer met hom nie. Die Filistyne gryp hom, steek sy oë uit en neem hom na Gasa waar hulle hom in die tronk toesluit. Hier moet hy swaar werk verrig.

Simson se dood

Die Filistyne hou 'n groot fees in die tempel van hulle god Dagon. Hulle is baie bly dat hulle Simson uiteindelik na 20 jaar gevange kon neem. Die

¹¹⁴ Jos. 23: 10 Een man uit julle het duisend agtervolg; want die HERE julle God, Hy het vir julle gestry soos Hy julle beloof het.

fees het 'n godsdienstige karakter aangesien die Filistyne hulle god Dagon dank vir die oorwinning. Hulle wil aan hul god 'n groot offer bring aangesien hy Simson in hulle mag gegee het. Die Filistyne sien hul oorwinning oor Simson as 'n oorwinning van hul god oor die Here.

Toe die fees in volle swang is, laat roep die vrolike feesgangers Simson om hulle in sy leed te verlustig. Sy hare het egter intussen weer begin groei en sy krag het teruggekeer. Toe Simson in die tempel kom, vra hy dat hulle hom teen die twee pilare waarop die hele tempel rus, laat staan. Daarna bid hy tot God om hulp. Voor die oë van die duisende feesgangers sit hy sy arms om die pilare en trek hulle om sodat die hele tempel ineen stort. Die feesgangers en ook Simson sterf toe die tempel inval. Sy familie gaan haal sy lyk en begrawe hom in dieselfde graf waarin hulle sy pa begrawe het.

In die Nuwe Testament word Simson as een van die geloofsgetuies genoem.¹¹⁵ Hy wys heen na Christus. Simson is bereid om te sterf om sy volk daardeur te verlos. Net so sou Christus ook sy lewe aflê om daardeur sondaarmense van hul sondes te verlos.¹¹⁶ Simson kon die volk net tydelik van hul onderdrukking verlos, maar Christus het volkome verlossing gebring met sy sterwe aan die kruis.¹¹⁷

Die geskiedenis van Rut

Gedurende die tyd dat die rigters regeer, breek 'n geweldige droogte in Kanaan uit. Om nie te sterf van die honger nie trek Elimeleg weg uit Betlehem om kos vir hom en sy vee te gaan soek. Saam met Elimeleg trek sy vrou, Naomi, en hul twee seuns, Maglon en Giljon. In Moab sterf Elimeleg en sy twee seuns trou met Moabitiese vroue. Die twee Moabitiese vroue is baie lief vir Naomi. Toe Maglon en Giljon ook sterf, besluit Naomi na Kanaan terug te gaan, want die Here het uitkoms gegee en kos is weer volop.

Naomi dring by haar twee skoondogters aan om in hul eie land te bly maar al twee, Rut en Orpa, wil saam met Naomi gaan. Toe Naomi hulle aanhou smee om liever te bly, draai Orpa om en gaan terug na haar mense toe. Naomi vra vir Rut om dieselfde te doen, maar sy antwoord: "Moenie by my

115 Heb. 11: 32 En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal,

116 Joh. 4: 42 Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is.

117 Joh. 19: 30 En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.

aandring om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef sal ek vertoef; u volk is my volk en u God is my God.” Toe Naomi sien dat Rut vas besluit het om nie terug te gaan nie, het sy opgehou om haar te probeer oorreed. Hulle reis saam verder en kom in Betlehem aan.

Naomi kom in Betlehem

’n Groot opskudding vind in Betlehem plaas toe Naomi daar opdaag. Almal vra vir mekaar of dit regtig Naomi is. Naomi is baie hartseer aangesien sy beseft dat sy sonder haar man en seuns na Betlehem terugkeer. Daarom vra sy dat die mense haar nie Naomi noem nie, maar Mara, want Mara beteken bitter.

Naomi en haar skoondogter is baie arm aangesien hulle alles in Moab verloor het. Daarom moet Rut gaan gars optel in die lande wat gestroop word, sodat hulle iets het om te eet. Sy loop agter die mans aan wat die gars sny en tel al die are op wat hulle laat val of per ongeluk nie afgesny het nie.¹¹⁸

Die land waarop Rut are optel, behoort aan Boas. Hy hoor hoe fluks Rut werk en dat sy nie soos die ander vroue is wat kort-kort in die skaduwee gaan sit om te rus nie. Hy vra sy dienaars wie sy is. Hulle vertel hom alles wat met Rut gebeur het en hoe sy en Naomi alleen uit Moab teruggekeer het.

Boas is baie beïndruk deur Rut en bowendien beseft hy dat hy familie van Naomi en dus ook van Rut is. Hy gee die werkers opdrag om met opset van die gars te laat val sodat sy dit kan optel. Daarna gaan Boas na Rut en vra haar om asseblief nie op ander lande gars te gaan optel nie. Hy nooi haar ook om saam met sy diensmeisies te eet en te rus.

Daardie aand vertel sy opgewonde aan Naomi van Boas wat so vriendelik teenoor haar opgetree het. Naomi is baie bly en verduidelik aan haar dat hy ’n naasbestaande en ook een van hul lossers is. ’n Losser is iemand wat grond terugkoop wat ’n familielid moes verkoop om aan die lewe te bly.¹¹⁹

118 Lev. 19: 9 en 10 En as julle die oprings van julle land oes, moet jy die kant van jou land nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. Jou wingerd moet jy ook nie skoon afoes nie, en die trossies wat van jou wingerd val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is die HERE julle God.

119 Lev. 25: 24 en 25 Daarom moet julle, in die hele land van julle besitting, lossing van die grond toelaat. As jou broer verarm en van sy besitting verkoop, moet sy lossers wat sy nabestaande is, kom en hy moet los wat sy broer verkoop het.

Rut vra Boas om haar lossers te wees

Naomi verduidelik aan Rut hoe die lossingsreg werk, waarna Rut een nag by die voete van Boas gaan lê waar hy op die dorsvloer slaap. Toe Boas vra wie by sy voete lê, antwoord Rut dat dit sy is. Sy vra vir Boas om as lossers op te tree. Boas luister aandagtig. Daar is net een saak waaraan hy eers aandag moet gee, 'n ander familielid het eerste reg om as lossers op te tree. Hy belowe dat hy die saak deeglik sal ondersoek en hulle sal help sover hy kan.

Boas prys Rut vir haar goeie optrede. Sy loop nie agter jong mans aan nie, maar doen wat reg is. Boas weet presies wat Rut wil bereik en erken dat sy 'n deugsame vrou is. Nadat hy vir haar 'n geskenk van gars gegee het, keer Rut terug na Naomi se huis toe.

Boas hou sy belofte aan Rut. Hy roep tien manne uit die oudstes van die stad byeen om aan hulle sy saak te verduidelik. Die ander familielid is ook teenwoordig en hoewel hy bereid is om as lossers op te tree, sien hy nie kans om met Rut te trou nie. Dit was die plig van die lossers om ook met die weduwee te trou, sodat die oorlede man steeds 'n nageslag kon verkry om sy naam in Israel in stand te hou.

Boas trou met Rut

Nou kan Boas as lossers optree en ook met Rut trou. As bewys dat die saak in orde is, moet die persoon wat nie as lossers wil optree nie, sy skoen uittrek en aan Boas gee. In daardie tyd was 'n skoen 'n bewys daarvan dat jy iets besit.¹²⁰ Só wys die familielid dat hy aan Boas die geleentheid gee om as lossers op te tree. Daarna seën die oudstes Boas en Rut.

Boas is bly om Rut as sy vrou te kry. Later skenk Rut geboorte aan 'n seun en hulle noem hom Obed. Hy erf alles wat aan Elimeleg, Naomi se man, behoort het. Obed se seun is Isai en hy is die pa van Dawid, uit wie se nageslag Christus gebore is.¹²¹ So vervul God sy belofte dat daar Een sal kom wat die mense sal verlos.¹²²

120 Ps. 60: 10 Moab is my waskom; op Edom werp Ek my skoen; jubel oor My, o Filistea!

121 Matt. 1: 5 en 6 en Salmon die vader van Boas by Ragab, en Boas die vader van Obed by Rut, en Obed die vader van Isai, en Isai die vader van koning Dawid, en koning Dawid die vader van Salomo by die vrou van Uriá,

122 Gen. 3: 15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Boas wys as lossers heen na Christus. Soos Boas vir Rut as lossers opgetree het, het Christus ook vir ons ingetree om ons van ons sonde te verlos.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 335 - 347 en 354 - 359 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 169 - 199 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 225 - 242 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 342 - 366 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 2: Rigters - Hooglied. Pretoria: DBU. 14 - 22 p.